NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2024

DRAMATIESE KUNSTE

Tyd: 3 uur 120 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n Kleurbylaag van 1 bladsy. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. Hierdie vraestel is in drie afdelings verdeel. Jy moet **AL** drie beantwoord. In **AFDELING C** moet jy **ÓF SUID-AFRIKAANSE KONTEMPORÊRE TEATER (NA 1994) OF SUID-AFRIKAANSE KONTEMPORÊRE FILM (NA 1994)** kies.

   AFDELING A: **20STE-EEUSE TEATERBEWEGINGS**
   Top Girls **deur Caryl Churchill OF**
   Angels in America Part 1: Millennium Approaches **deur Tony Kushner OF**
   For Colored Girls Who Have Considered Suicide/When the Rainbow Is Enuf **deur Ntozake Shange**

   EN

   AFDELING B: **SUID-AFRIKAANSE TEATER (1960–1994)**
   You Strike a Woman, You Strike a Rock **deur die Vusisizwe Players OF**
   Woza Albert! **deur Percy Mtwa, Mbongeni Ngema en Barney Simon OF**
   Sophiatown **deur The Junction Avenue Theatre Company**

   EN

   AFDELING C: **SUID-AFRIKAANSE KONTEMPORÊRE TEATER (NA 1994)**
   Born Naked **deur ZikkaZimba Productions en Hijinks Theatre OF/EN**
   Ubu and the Truth Commission **deur Jane Taylor OF/EN**
   Eclipsed **geskep deur Sylvaine Strike *et al.***

   OF

   SUID-AFRIKAANSE KONTEMPORÊRE FILM (NA 1994)
   District 9 **onder regie van Neill Blomkamp OF/EN**
   Moffie **onder regie van Oliver Hermanus OF/EN**
   Barakat onder regie van **Amy Jephta**

3. Nommer jou antwoorde PRESIES soos die vrae genommer is.

4. Die puntetoekenning per vraag is 'n riglyn vir die mate van detail en noukeurigheid vir die antwoord.

5. Onafhanklike, kreatiewe denke en die toepassing van kennis sal tot jou voordeel wees.

6. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.

IEB Copyright © 2024

AFDELING A 20STE-EEUSE TEATERBEWEGINGS – POSTMODERNE TEATER

VRAAG 1 DIE OPSTEL

In hierdie vraag moet jy na EEN van die volgende dramas verwys:


- ***Top Girls*** **deur Caryl Churchill OF**
- ***Angels in America Part 1: Millennium Approaches*** **deur Tony Kushner OF**
- ***For Colored Girls Who Have Considered Suicide/When The Rainbow Is Enuf*** **deur Ntozake Shange**

Skryf die titel van die drama wat jy bestudeer het neer voordat jy begin om Vraag 1 te beantwoord.

Kyk na die beelde hieronder vir inspirasie en beantwoord die vraag wat volg.


POSTMODERNISME FOKUS OP VEELVULDIGE PERSPEKTIEWE

BEELD A



[Bron: <https://www.writersonthemove.com/2015/07/multiple-points-of-view-good-or-bad.html>]

BEELD B



[Bron: <https://www.elephango.com/index.cfm/pg/k12learning/lcid/11071/Same_Event_Different_Views>]

IEB Copyright © 2024

Bespreek, in 'n goed gestruktureerde opstel van ongeveer **600 woorde of 2 tot 3 bladsye**, hoe die dramaturg veelvuldige perspektiewe van die tematiese intensies/doelwitte in die drama wat jy bestudeer het, weerspieël.

Gebruik die volgende punte om jou bespreking te rig:

- Dramaturg se intensies/doelwitte
- Karakters
- Struktuur

  - Skryf die titel van die postmoderne teks wat jy bestudeer het duidelik bo-aan die bladsy neer.
  - Jou opstel sal nagesien word volgens hoe goed jy jou bespreking ontwikkel en dit tot 'n logiese gevolgtrekking bring.
  - Ondersteun jou bespreking volledig met 'n duidelike, gefokusde verduideliking en toepaslike voorbeelde uit die drama.

40 punte

IEB Copyright © 2024

AFDELING B SUID-AFRIKAANSE TEATER (1960–1994)

VRAAG 2 DRAMA IN KONTEKS

In hierdie vraag moet jy na EEN van die volgende dramas verwys:

- ***You Strike the Woman, You Strike the Rock*** **deur die Vusisizwe Players OF**
- ***Woza Albert!*** **deur Percy Mtwa, Mbongeni Ngema en Barney Simon OF**
- ***Sophiatown*** **deur The Junction Avenue Theatre Company**

Let wel: Jy moet slegs EEN van die bostaande dramas kies en al die antwoorde vir hierdie vraag moet op jou gekose teks gegrond word.

Skryf die titel van die drama wat jy bestudeer het neer voordat jy begin om Vraag 2 te beantwoord.

Lees die BYLAAG en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Identifiseer TWEE doelwitte van Protesteater. (2)

2.2 Verduidelik, met verwysing na John Kani se aanhaling in die bron, "die sameswering van stilte" wat geheers het in die tyd toe die drama wat jy bestudeer het geskep is. (4)

2.3 Kies 'n karakter in die drama wat jy bestudeer het.

2.3.1 Ontleed, met verwysing na 'n spesifieke oomblik in die drama, hoe jou gekose karakter weerstand toon deur die "sameswering van stilte" te verbreek wat in die tyd geheers het toe jou gekose drama geskep is. (4)

2.3.2 Stel voor hoe 'n toneelspeler wat jou gekose karakter vertolk sy/haar **stem** kan gebruik om die element van weerstand in hul opvoering van die spesifieke oomblik wat jy in Vraag 2.3.1 genoem het, te beklemtoon. (4)

2.4 Motiveer hoe sang en/of musiek in die drama wat jy bestudeer het, voldoen aan Kani se beskrywing van die teater wat opvoedkundig is. (4)

2.5 Die Suid-Afrikaanse drama wat jy bestudeer het, bevat bewyse van óf Brecthtiaanse of Grotowskiaanse invloed.

2.5.1 Verduidelik TWEE van die grondliggende intensies/doelwitte van **ÓF** Brecht (Epiese Teater) **ÓF** Grotowski (Arm Teater). (2)

2.5.2 Bespreek, deur na voorbeelde in die teks te verwys, hoe TWEE konvensies van **ÓF** Epiese Teater **ÓF** Arm Teater by die drama wat jy bestudeer het, geïnkorporeer is. (6)

2.6 Kyk na die beeld van die BYLAAG wat verband hou met die drama wat jy bestudeer het.

Beoordeel hoe die beeld die stemming/atmosfeer vasvang van die drama wat jy bestudeer het. (4)

IEB Copyright © 2024

2.7 Evalueer hoekom teater in hierdie tyd as "die onwettige koerant" beskou kon word. Jou antwoord kan die volgende in aanmerking neem:

- Die voordele van die spelskeppingbenadering wat deur die skeppers van jou drama aangeneem is.
- Die temas wat in die drama wat jy bestudeer het, verken word. (10)

40 punte

IEB Copyright © 2024

AFDELING C SUID-AFRIKAANSE TEATER/FILM (NA 1994)

VRAAG 3 (A) SUID-AFRIKAANSE KONTEMPORÊRE TEATER (NA 1994)

In hierdie vraag kan jy na EEN, TWEE of DRIE van die volgende dramas in jou antwoord verwys:

- ***Born Naked* deur ZikkaZimba Productions en Hijinks Theatre OF/EN**
- ***Ubu and the Truth Commission* deur Jane Taylor OF/EN**
- ***Eclipsed* bedink deur Sylvaine Strike *et al.***

Skryf die titel(s) van die drama(s) wat jy bestudeer het neer voordat jy begin om Vraag 3 (A) te beantwoord.

Jy beplan om 'n produksie van EEN, TWEE of DRIE van bostaande dramas in 'n bekende politieke gebou/terrein te regisseer.

Kyk na die volgende beelde van politieke terreine en geboue in Suid-Afrika en beantwoord die vrae wat volg.

BEELD A: Parlementshuise in Kaapstad



[Bron: <https://x.com/ashoswai/status/1633855034210545664>]

IEB Copyright © 2024

BEELD B: Die Uniegeboue in Pretoria



[Bron: <https://www.visittshwane.co.za/gallery/gallery-union-buildings/>]

BEELD C: NELSON MANDELA Capture Site in KwaZulu-Natal



[Bron: <https://veronikasadventure.com/durban-giants-castle-rock-art-the-midlands-mandela-capture-site/>]

IEB Copyright © 2024

3.1 Stel voor hoekom dit betekenisvol sal wees om enige EEN van die dramas wat jy bestudeer het in 'n politieke gebou/terrein op te voer in teenstelling met 'n konvensionele teaterruimte. (3)

3.2 Identifiseer watter plek jy sou kies van die beelde wat verskaf is. Skryf jou keuse neer.

3.2.1 Motiveer jou keuse van ruimte vir enige EEN van die dramas wat jy bestudeer het. Jou antwoord moet op die volgende fokus:

- Die boodskap en intensie/doelwit van die drama
- Die impak wat die gekose ruimte op die boodskap van die drama sal hê (6)

3.2.2 Verduidelik hoe jy jou gekose plek sou organiseer/aanpas om die opvoering van jou gekose produksie te akkommodeer. (6)

3.2.3 Stel voor watter tegniese uitdagings jy mag ondervind om die produksie in jou gekose ruimte op te voer. (3)

3.3 Verduidelik hoe jy as 'n regisseur jou groep toneelspelers sou voorberei om te verseker dat hulle 'n respekvolle en sensitiewe uitbeelding lewer van die karakters se ervarings in enige EEN van die dramas wat jy bestudeer het. (6)

3.4 Bespreek die rol van beweging en/of liggaamlikheid in enige EEN van die dramas wat jy bestudeer het wat tot die gehoor se begrip van die drama bydra. (6)

3.5 Die onderstaande aanhaling het jou regisseursvisie geïnspireer vir enige EEN van die dramas wat jy bestudeer het. Lees die aanhaling en beantwoord die vraag wat volg.

> Op die ou end dink ek teater het net een onderwerp: geregtigheid.
>
> – Edward Bond

Evalueer hoe enige EEN van die dramas wat jy bestudeer het die konsep van geregtigheid verken. Jy moet na die volgende in jou antwoord verwys:

- Karakters
- Temas (10)

[40]

OF

IEB Copyright © 2024

VRAAG 3 (B) SUID-AFRIKAANSE KONTEMPORÊRE FILM (NA 1994)

In hierdie vraag kan jy na EEN, TWEE of DRIE van die volgende films in jou antwoord verwys:

- ***District 9* onder regie van Neill Blomkamp OF/EN**
- ***Moffie* onder regie van Oliver Hermanus OF/EN**
- ***Barakat* onder regie van Amy Jephta**

Skryf die titel(s) van die film(s) wat jy bestudeer het neer voordat jy begin om Vraag 3 (B) te beantwoord.

3.1 Stel die betekenisvolheid daarvan voor om enige EEN van die films wat jy bestudeer het in Suid-Afrika te verfilm teenoor enige ander land. (3)

3.2 Kies 'n spesifieke toneel van enige EEN van die films wat jy bestudeer het.

3.2.1 Motiveer die regisseur se liggingskeuse vir jou gekose toneel. Jou antwoord moet op van die volgende fokus:

- Die boodskap en intensie/doelwit van die film
- Die impak wat die gekose ligging op die boodskap van die film het (6)

3.2.2 Stel voor wat die tegniese uitdagings is waarvoor die regisseur te staan kon kom deur jou gekose toneel in die genoemde ligging in Vraag 3.2.1 te verfilm. (3)

3.3 Verduidelik hoe die regisseur van enige EEN van die films wat jy bestudeer het die spelers kan voorberei om te verseker dat hulle 'n respekvolle en sensitiewe uitbeelding van die karakters se ervarings kan lewer. (6)

3.4 Beskryf die rol van kinematografie in enige EEN van die films wat jy bestudeer het wat tot die kykers se begrip van die film bydra. (6)

3.5 Lees die aanhaling en beantwoord die vraag wat volg.

> Vooroordeel is 'n las wat die verlede verwar, die toekoms bedreig en die hede as ontoeganklik beskou.
>
> – Maya Angelou

3.5.1 Evalueer hoe enige EEN van die films wat jy bestudeer het die konsep van vooroordeel verken. Jy kan na die volgende in jou antwoord verwys:

- Karakters
- Temas (10)

3.5.2 Bespreek hoe die redigeringstegnieke in die film oomblikke van vooroordeel vir die kyker beklemtoon. (6)

40 punte

Totaal: 120 punte

IEB Copyright © 2024